



VLAKVARK SKIETOEFENING

1. Inleiding

Jag op kort afstande in die bos word gesimuleer. Die tel-areas op die teiken is relatief groot maar die skietposisies is uitdagend. Die vereistes wat aan die jagwapen en teleskoop gestel word, is dus redelik laag, byvoorbeeld 'n .303 met 'n 4x vergroting teleskoop kan baie kompetend gebruik word. Toerusting en tegnologie is dus van baie minder belang. Die tyd om te skiet is gewoonlik baie beperk en die klem val grootliks op die skut se vermoë om onder die beperkings 'n akkurate skoot te skiet.

2. Teiken

'n Vlakvarkteiken word vir hierdie oefening gebruik. Vlakvarkteikens waarvan die vlakvark in 'n ander posisie staan en wat deur die Skietkomitee goedgekeur is, kan ook gebruik word wanneer dit beskikbaar is.

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlai en veiligheidsprosedures.

5. Gewere

Enige tipe geweer of jaghandwapen kan gebruik word.

6. Kaliber

Enige senterslag kaliber van 6mm (.243) en groter kan gebruik word. In die praktyk word swaarder en sterker, of monolitiese koeëls in veral die kleiner kalibers, vir hierdie tipe toepassing aanbeveel. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om te verseker dat die kaliber en koeëlkonstruksie geskik is vir die dier wat gejag word.

7. Visiere of teleskope

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

8. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

8.1 Vanaf **75 meter** word **drie skote** in **60 sekondes** vanuit enige van die volgende drie alternatiewe skietposisies geskiet:

8.1.1 **sitposisie** sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 18.2.1).

8.1.2 **vryhand knielposisie** (verwys na item 18.3.1).


8.1.3 **staanposisie** met beperkte ondersteuning (verwys na item 18.4.5).

8.2 Vanaf **50 meter** word **drie skote** in **30 sekondes** geskiet vanuit die **vryhand staanposisie** (verwys na item 18.4.1).

8.3 Vanaf **25 meter** word **drie snapskiet skote** geskiet vanuit die **vryhand staanposisie** (verwys na item 18.4.1). Op die bevel "*Almal is gereed – sluit die grendel en staan by*" – met die snellervinger langs die snellerbeuel – word die wapens gereedgemaak en in 45 grade posisie na die grond gehou. Wanneer die fluitjie geblaas word of die bevel "*vuur*" mag die skut sy geweer lig en **een skoot** moet binne **5 sekondes** gevuur word. Op die bevel van die baanoffisier word die jagwapens weer oorgehaal en die proses word nog tweekeer herhaal vir 'n totaal van 3 skote met ongeveer 10 sekondes tussen die skote vir oorhaal. By voltooiing van die 3 snapskote moet die skuts verseker dat alle rondtes wat nie in die voorgeskrewe tyd geskiet is nie, verwyder word uit die jagwapen.

9. Erkenning

Skietbalkies met onderste afsnyppunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **27, 32 en 36** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **45**.



Teiken werklike grootte: WxH = 1000 x 750mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm ²	vs Hart
Brein	120 x 108	108	160%
Hart	87 x 96	66	--
V-hart	53 dia	22	33 %
Sentrale long area	150 x 170	240	350%
Groter long area	200 x 220	560	850%

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.